***Die verhaal van die diefstal deur die twaalf fariseërs en hulle handlangers***

**238** **Faustus** sê: 'Nou, praat dan! Op my woord van eer, daar sal julle geen haar gekrenk word nie!"

[2] Dan sê **`n fariseër**, hewig bewend van doodsangs: "Meester, skenk u my ook die lewe, as ek praat?"

[3] **Faustus** sê: "U ook; want u is een van die geringstes onder hulle."

[4] Toe skreeu die ander **elf fariseërs**: "Weet jy dan nie dat jy liewer moet sterf as om van Elohim `n verraaier te word nie?!"

[5] Maar **die enkele fariseër** sê: "Dit weet ek, maar van Elohim is hier geen sprake nie; dit gaan hier maar net oor julle skandalige bedrog teen die Romeine. Deur `n skandelike lis het julle hierdie groot buit die Romeine so keurig ontneem dat die hele wêreld haarself daar werklik oor moet verbaas.

[6] Jy as belangrikste boef was geklee as die opperlandvoog wat nou in Sidon, maar ook dikwels in Tirus bly, jy het die groot keiserlike ring as teken van mag, en jy het `n goue swaard en die heerserstaf van die hele Palestina, Coele-Sirië, Klein-Asië en die hele Pontus.

[7] Bowendien lyk jy net so oud soos die hoogs eerwaardige grysaard, Cyrenius, jy neem sy naam aan en jy het vir jou `n gevolg en `n hofhouding aangeskaf wat lyk soos dié van Cyrenius, daarby sit jy op `n imposante perd. Toe die leier van die geldtransport jou begroet as opperlandvoog en aan jou op `n halwe dagreis vanaf Tirus, dinkende dat jy die stadhouder was, die getekende bevelrolle gee en daarby dan ook die gelde en die skatte, wat jou verklede Romeinse soldate in ontvangs neem, gee jy hom bevel om so gou moontlik na die Pontus terug te trek omdat jy met sekerheid verneem het dat daar, vanweë die belastingafpersing, onluste uitgebreek het, en dat die bewoners van die Agterpontus hulleself met `n sterk horde van Skite teen die oorheersing van Rome verbind het. Uitstel sou gevaarlik wees; daarom het hy as die (onegte) opperlandvoog, na `n korte en duidelike opdrag van Rome, hom, die dappere owerste van Pontus en Klein-Asië, so ver tegemoet getrek om hom in hierdie dringende geval die snelle terugweg `n bietjie korter te maak!

[8] Natuurlik het die owerste van Pontus en Klein-Asië toe met sy drieduisend ruiters so gou moontlik omgedraai en binne `n paar uur was hy al so ver van ons verwyder dat ons onmoontlik meer iets van hom te vrese gehad het. Ons almal was op lewe en dood opgedra te swyg en elkeen sou tweehonderd pond silwer kry, wat ons egter tot op hede nog nie ontvang het nie, want dit sou eers in Jerusalem gebeur. Die noodlot wil dit egter anders hê, en van die tweehonderd pond hoef ons nou nie veel meer te verwag nie.

[9] Die geld en die skatte word toe daardie nag na Kapernaum gebring, waar dit nou al ongeveer twee maande lê en die geheime pad is enkel en alleen aangelê ten behoewe van die groot skat en lei, volgens my, nie na Jerusalem nie, maar na `n groot, verborge grot in die berge, waarin - en nie in die tempel nie - al baie, baie duisende ponde goud en silwer lê en wag.

[10] Slegs ons twaalf was met hierdie geheim bekend, en buiten ons dertig handlangers weet geen fariseër iets daarvan af nie. Die helpers weet net nie vir watter doel dit is nie. Aan hulle is gesê dat alles bewaar word vir die toekomstige Messias, wat die Judeërs binnekort sal bevry van die juk van die Romeine. Maar ek ken natuurlik wel `n ander rede, en dit is in die eerste plek: `n uitermate luuksueuse lewe - en in die tweede plek, `n geweldige moontlikheid tot omkoop, as mens in belangrike gevalle die Romeine na jou eie pype wil laat dans, of om `n pos van owerste in die tempel te koop, wat natuurlik altyd ontsettend baie geld kos. Nou weet u alles; u kan ook al dertig ondervra, en hulle sal u dieselfde sê.

[11] Slegs die pande was vir Jerusalem bestem, om die tempel gunstig te stem; die gelde en skatte sou egter by die ander in die grot beland het, as dit hier nie so `n geweldige skipbreuk gely het nie. Nou weet u presies hoe die sake staan en moet u maar doen wat u regverdig vind; maar wees teenoor my en die dertig verblindes nie te hard en te onverbiddelik regverdig nie!"

[12] **Faustus** sê: "Teen u en die dertig sal ek nie as regter nie, maar as beskermer optree; maar wat met die elf moet gebeur, daaroor sal Cyrenius oordeel! Sê my net nog of daar nog niks van die gelde en skatte weggeneem is nie, of alles wat uit Klein-Asië gebring was hier bymekaar is en of u iets weet van die beroemde grot."

[13] **Die fariseër** sê: "Die geheel, insluitend die waens, is nog net so onbeskadig en volledig as by ontvangs. Wat betref die beroemde grot weet ek as mede-eedgenoot natuurlik presies wat dit bevat, en sonder een van ons twaalf kan geen mens die toegang en ingang vind nie."

[14] Nou prys **Faustus** die minder ryke fariseër, wat Pilah heet, en hy sê aan Kisjonah: "Wel, vriend en dierbare skoonvader, die grot wat, na dit skyn in jou gebergte lê, dit sal aan u, volgens die eerste oordeel, toekom; maar neem die gelde en die skatte van die keiser in veilige

bewaring, want by u sal dit tot aan die einde van hierdie buitengewone proses die beste bewaar bly.

[15] Versorg Pilah op my rekening, maar gee die dertig vir die nag `n goed bewaakte nagverblyf; solank die grot nog nie leeg is nie, kan ek hulle hul vryheid nie gee nie, maar ná die ontruiming kan hulle gaan waarheen hulle wil. Ek wil hulle ook nie laat gésel nie, omdat hulle bereidwilligheid ons tot groot ontdekkings gebring het."

### *Die tempelskatte in die grot*

**239** Toe wend **Faustus** homself tot die elf, en sê: "Nou, hoe staan dit met my ondergang waarmee u my vroeër so arrogant gedreig het? Wat sê u nou hieroor as gesalfde dienaars van Elohim? Waarlik, dit moet verskriklik bitter wees vir iemand wat `n gesalfde van Elohim heet te wees, om as grootste staatsboef bekend te staan! Wag maar, u gaan nog iets veel ergers meemaak; dit was maar `n eenvoudige voorspel!

[2] Waarlik, U het dit maar aan Een hier te danke dat ek u nie vinnig laat ontklee, die vloek van die keiser oor u uitspreek en dan oorgee aan die geregsdienaars wat angstig gereed staan om die vonnis uit te voer nie! En daardie Een staan hiernaas my, die goddelike JaHshua uit Násaret vir wie u al lankal vervloek het, en wat deur u nou van die een plek na die ander vervolg word, maar net omdat Hy so eerlik is om die deur u verblinde volk te laat sien wie u in werklikheid is.

[3] Ondersoek julleself innerlik en sê eers of daar behalwe jul satan nog iets ergers kan wees as wat julle is!

[4] Julle bring die volk die kennis oor `n God by, waaraan julle self nooit geglo het nie; want as julle in Elohim glo, aan JaHWeH wat Moses duidelik aan julle verkondig het, en waarin julle voorouers lewendig geglo het en waarop hulle gehoop het, dan sou julle met hierdie almagtige Elohim nie die honendste spot en die brutaalste skande bedryf het nie!

[5] Julle laat julleself as sogenaamde gesalfde knegte van die Allerhoogste deur die geestelik doodgeslane volk goddelike eer bewys en bowendien eis julle nie-neergelegde offers van die arme volk om daardeur die poort na Elohim se ligryk en lewensryk met ysterdeure en slotte te versper.

[6] Vra julleself af of daar êrens nog groter misdadigers teen Elohim, die keiser en teen die arme mensdom gevind sou kon word as wat julle is!

[7] O, watter onbegryplike geduld en lankmoedigheid van die groot Elohim! As ek ook maar `n sprankie goddelike mag gehad het oor die elemente, dan sou die hemele werklik geen vuur genoeg gehad het om dag en nag oor julle uit te stort nie!

[8] Meester, waarom het U ten tyde van Abraham die tien stede saam met Sodom en Gomorra so swaar gestraf - terwyl hulle inwoners, behalwe wat betref hulle verkeerde vleeslike luste, tog klaarblyklik engele was vergeleke met hierdie booswigte, waarvan daar nou in die hele Judea meer is as die totale aantal inwoners van daardie tien stede!

[9] Julle noem julleself Elohim se kinders en sê dat Elohim julle vader is! Waarlik, vir so `n God wat sulke kinders in die wêreld bring, sou ek in der ewigheid niks oorhê nie, want hom noem hulle, by ons Romeine volgens die mites, Pluto - en satan of Beëlsebul, dít is julle vader!

[10] Julle is die lewende, slegte saad wat julle vader altyd tussen die koring saai sodat daardeur die Elohim -saad verstik word en julle noem julleself gesalfde dienaars van Elohim? Ja, dienaars van die satan is julle; dié het julle gesalf om al die goddelike op aarde te gronde te rig!

[11] As julle maar `n klein bietjie minder duiwels was as wat julle is, dan sou ek ter wille van die Een wat hier is, `n so draaglik moontlike oordeel oor julle gevel het. Maar omdat julle soveel meer as duiwels sleg is, wil ek my naam nie aan julle vuilmaak nie, maar gaan ek julle aan die "judicio criminis atri" *("regspraak oor `n sware misdaad")* oorlewer in Sidon, want daar was elke "judex honoris" *("regter van eer" of "regter in sake van eer") homs*elf sewemaal die hande."

[12] Na die aanhoor van hierdie woorde van Faustus, verloor die elf fariseërs alle moed en smeek om genade en belowe `n algehele ommekeer en verbetering en hulle wil elke skade wat hulle iemand ooit berokken het, honderdvoudig vergoed.